

# Die Wonder van die KRUIS

## en 'n storie om oor te dink

**MAPULA MARTHA MALATJI**

*Illustrasies deur Jonanda Kannemeyer*

**DIE WONDER VAN DIE KRUIS**

Hierdie Bybel Storieboekreeks is ruimhartig geborg deur die Mergon Stigting.

3de vloer, Mill Square Gebou | h/v Plein & Andringa Straat
Stellenbosch | 7600 | Suid-Afrika
www.mergon.co.za

© 2023 One Heart
Eerste uitgawe 2023
Gedruk in Suid-Afrika
ISBN: 9781776475759

***Hierdie is ‘n oopbron-boek en mag nie vir wins verkoop word nie.  Die boek kan afgelaai word by www.oneheartforkids.co.za***

Hierdie boek mag elektronies of in gedrukte vorm versprei word met geskrewe toestemming van die uitgewer. Die boek mag geensins op enige manier verander word nie. Alle regte word voorbehou. Om toestemming te vra, kontak asseblief die uitgewer.

One Heart
17 Pelikaan Straat, Stellenbosch 7600
Suid-Afrika
www.oneheartforkids.co.za

Outeur: Dr. Mapula Martha Malatji
Illustreerder: Jonanda Kannemeyer
Tipografie en uitleg: Imprint Publishing
Afrikaanse vertaling en proeflees: Lianda Cruywagen

# Nuwe Testament Bybelstorie

## Matteus 26-28,
## Lukas 22 en Johannes 20

# Die Wonder van die KRUIS

Paasfees was naby en Jesus het Petrus en Johannes gevra om die groot boonste vertrek voor te berei vir die laaste aandete wat hulle almal saam sou eet.



Jesus het die brood geneem en dit gebreek. Hy het gesê, “Dit is my liggaam wat vir julle gebreek word. Julle moet ook so maak om My te onthou.” Toe het Hy en die mense wat hom gevolg het, almal saam die brood geëet.

Toe het hulle saam wyn gedrink en Hy het vir hulle gesê dit was sy bloed wat Hy sou uitgiet sodat almal se sondes vergewe kon word. Na die ete het Jesus en sy volgelinge na die Olyfberg toe gegaan, na ‘n plek met die naam van Getsemane.



Toe hulle daar aankom, sê Jesus vir sy dissipels, "Sit julle hier terwyl ek daar anderkant gaan bid." Jesus het vir God gevra om die beker van swaarkry en lyding wat vir Hom voorgelê het, weg te neem, maar Hy het ook vir God gesê dat Hy gehoorsaam sou wees, maak nie saak wat gebeur nie.

Toe Jesus weer teruggaan na sy volgelinge toe, was hulle almal vas aan die slaap. Hy sê toe vir hulle, "My hart is verskriklik seer." En toe, skielik, was daar 'n klomp mense met vuurfakkels en swaarde.

Judas, een van Jesus se dissipels, het hierdie mense 'n teken gegee om Jesus te arresteer. Toe hardloop al Jesus se dissipels weg en los hom alleen.





Jesus is toe verhoor. Hy is vals beskuldig en ter dood veroordeel. Die soldate het hom aan ‘n kruis vasgespyker op ‘n Vrydag. Dit het pikdonker geword al was dit in die middel van die dag.

Jesus het met ‘n harde stem uitgeroep, “Vader, ek gee my gees oor in u hande.” Toe het Hy gesterf. Op dieselfde tyd het die voorhangsel binnekant die tempel van bo tot onder in twee geskeur.

Toe die soldate sien wat gebeur, het hulle bang geword en gesê, “Hierdie man was regtig die Seun van God.” Jesus is toe begrawe in ‘n graf en ‘n groot klip is voor die ingang gerol om die graf te verseël.





Vroeg die Sondagoggend het Maria Magdalena na Jesus se graf toe gegaan. Toe sy daar kom, sien sy dat die groot klip weggerol is. Jesus se liggaam was weg en sy het begin huil.

Toe kyk sy in by die graf, en sien twee engele in wit klere daarbinne. Een het by die voetenent gesit van waar Jesus se liggaam gelê het en die ander een aan die bokant waar Jesus se kop was. Maria vra hulle toe waarnatoe hulle Jesus se liggaam geneem het.

Toe sy omdraai, staan Jesus voor haar. Hy het gelewe! Sy het so vinnig as wat sy kon teruggehardloop na Jesus se volgelinge toe en uitasem vir hulle vertel wat sy alles gesien het.





**Gebed**

Hemelse Vader, dankie dat u ons ingesluit het in u plan om die hele mensdom se sondes te vergewe. Dankie, Here, dat as ons in Jesus glo, en dat Hy opgestaan het uit die dood, ons gered sal word.

Amen.

**Vrae**

1. Wat het gebeur nadat Jesus sy volgelinge gevra het om saam met Hom te bid in die tuin van Getsemane?
2. Hoekom het Jesus se volgelinge almal weggehardloop?
3. Hoekom het Jesus gesterf op 'n kruis?
4. Wat het gebeur nadat Jesus in die graf begrawe is?
5. Glo jy dat Jesus die Verlosser is? Verduidelik jou antwoord.

## Die Manthata Familie

Die Manthata familie was 'n gesiene familie in Leeufontein in Suid-Afrika. Meneer en mevrou Manthata het nie kinders gehad nie, maar hulle was lief vir al die kinders in die dorp en hulle was baie goed vir al die mense.

Wanneer kinders honger was en nie kos by die huis gehad het nie, het mevrou Manthata hulle kos gegee. Die Manthatas het ook jongmense gehelp wat wou gaan studeer maar nie geld gehad het daarvoor nie, en hulle het seker gemaak dat hulle sou kon voortgaan met hulle studies.

Selfs as ouers 'n kar moes leen om hulle kinders kliniek toe te neem wanneer hulle siek was, het hulle geweet meneer Manthata sou hulle help.

Die Manthatas was lief vir die Here en het hom altyd gedien.



Eendag het ‘n vreeslike ding gebeur. Hulle was in ‘n ernstige ongeluk. ‘n Groot trok het hulle kar getref en meneer en mevrou Manthata is altwee dood.

Op die begrafnis het die predikant gesê, “Meneer en mevrou Manthata was goeie mense en altyd getrou aan Jesus. Ons weet dat wanneer mens in Jesus glo, gaan jy hemel toe wanneer jy sterf. Vandag is ons bly dat die Manthatas saam met Jesus in die hemel is.

“Die vraag is, waar staan ek en jy? Het ek en jy vir Jesus aanvaar as ons God en ons Verlosser?

“Jesus het gesterf op die kruis sodat elke mens wat in Hom glo die ewige lewe sal hê.”



**Gebed**


God ons Vader, dankie dat ons nie hoef bang te wees om dood te gaan nie. Dankie dat as ons glo dat Jesus op die kruis gesterf het vir ons sondes, sal ons eendag hemel toe gaan.

Amen.


**Vrae**

1. Watse soort mense was meneer en mevrou Manthata?
2. Hoeveel kinders het die Manthatas gehad?
3. Hoe het meneer en mevrou Manthata mense gehelp?
4. Die ongeluk het gebeur tussen hulle kar en wat?
5. Waaroor het die predikant gepraat?
6. Wat leer hierdie verhale ons? Verduidelik 'n bietjie jou antwoord.

**Die Wonder van die Kruis** *is deel van 'n reeks van 20 boekies gebaseer op gebeure in die Ou en die Nuwe Testament van die Bybel.*




Boek_1




Boek_2




Boek_3




Boek_4

Boek_5

Boek_6

Boek_7

Boek_8

Boek_9

Boek_10

Boek_11

Boek_12

Boek_13

Boek_14

Boek_15

Boek_16

Boek_17

Boek_18

Boek_19

Boek_20

**Die Wonder van die Kruis**

Hierdie verhaal gaan oor die dood en die opstanding van die Here Jesus Christus. Ons leer hier oor die laaste ete saam met sy vriende, hoe hy gearresteer is, vals beskuldig is en ter dood veroordeel is. Ons sien hoedat Hy gesterf het en ook hoe Hy uit die dood opgestaan het om vir jou en my te red.

**Die Manthata Familie**

In hierdie boek kom ons ook meer te wete oor die Manthata familie. Hulle was ‘n man en ‘n vrou wat lief was vir Jesus, altyd vir almal gehelp het en uiteindelik hemel toe gegaan het om vir ewig by Jesus te wees.

9781776475759

Afrikaans